Indië Uitreik 2018

Een van die effektiefste strategieë om ’n gemeente se getuienisvisie te ontwikkel is om ***lidmate*** die geleentheid te gee om d.m.v. korttermyn uitreikings persoonlik betrokke te wees by die uitvoering van die groot opdrag, nl. Matt.28:19.

AGTERGROND OOR INDIë

- Indië is die land met die 2de grootste bevolking ter wêreld. Indië beskik oor ‘n bevolking van meer as 1,3 biljoen mense en is die tuiste van geweldige kulturele, ekonomiese en politieke diversiteit.
- Daar word beweer dat meer as 80% van Indië se bevolking Hindoeïsme aanhang. ‘n Godsdiens waarvan meer as 90% van sy volgelinge net in Indië alleen voorkom.
- Slegs 3% van Indië se bevolking beweer dat hulle Christene is. Hierdie gelowiges kom deesdae voor meer vervolging te staan. Indië spog met godsdiensvryheid, maar die blatante vervolging van Christene word bloot oor die hoof gesien.
- Daar word miljoene verskillende gode aanbid. Daar is meer as 30 miljoen heilige koeie.
- Rotte, as gode, word soms beter behandel as bedelaars.
- Jy ry omtrent 400km sonder om ‘n Christelike aanbiddingsplek te vind.

DIE DOEL VAN DIE UITREIK

- Blootstelling aan ’n nie-Christelike situasie en nie-Christene.
  Een van die stede wat ons gaan besoek,Varanasi, het alreeds bestaan toe Jona na Nineve moes gaan en word beskou as die “Mekka” van die Hindoeïsme. Hier is meer as 6000 tempels en aanbiddingsplekke.
- Besoek aan ’n bevolkingsgroep wat deel is van die 53 mees onbereikte groepe in die wêreld.
- Om jou bekend te stel aan van die Christene in Indië en om hulle daar te gaan bemoedig deur ons teenwoordigheid en liefde. Talle Christene het al gesterf net omdat hulle Christene is, terwyl baie Christene nog steeds ly omdat hulle in Jesus glo. Diésulkes wil ons gaan bemoedig met ons liefde en teenwoordigheid.
- Blootstelling aan ’n nuwe en vreemde kultuur en hulle godsdiensbeoefening.
- Die vestings van die Bose staan sterk. Ons gaan die geleentheid kry om elke dag daardie grondgebied te betree en die vestings met gebed te betree.

Dit is vir ons belangrik dat elke spanlid wat saam na Indië gaan die gebed sal bid: “*Here, wat verwag U van my en die geloofsgemeenskap wat ek hier verteenwoordig t.o.v. Indië*?
Dit sal ’n lewensveranderende ervaring wees!

VOORLOPIGE REËLINGS DV:

Vertrek : Kaapstad Internasionale lughawe op 12 Maart 2018
Terug: 28 Maart 2018
Kostes: ± R17 000-00 teen huidige rand/dollar waarde.
Ingesluit alle vliegtuigkaartjies, treinkaarties, huurmotors en akkommodasie.

Uitgesluit:

- persoonlike versekering
- kostes van visum
- etes wat dalk nie ingesluit is by akkommodasie nie
- inspuitings asook persoonlike medikasie
- sakgeld

Keerdatum vir enige belangstellendes: 16 Februarie 2018 want vliegtuigkaartjies en visums moet uitgeneem word.

Toerustingsgeleenthede:

Vooraf gereelde byeenkomste sal wees op die volgende dae in Patmos:

- Sondagmiddag **18** en **25 Februarie 2018** om **16:30**.
  Dit word verwag en sal waardeer word as elke spanlid dit bywoon.

Donasies vir Indië Uitreik kan in die kerk se bankrekening inbetaal word, met verwsying “*Indië Uitreik*”, of in ‘n duidelik gemerkte koevert in die kollektebord geplaas word, of by die kerkkantoor inbetaal word.

Navrae: Chris en Mariana Miles
Tel: (021) 850-2229, Chris: 073 586 2999, Mariana: 083 529 1884